NG Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin
No. 17 van 2018

29 April 2018

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Gebed sluit nie af nie; dit sluit oop

"Sal iemand vir ons afsluit met gebed?" Ken jy hierdie gevleuelde woorde? Gebed doen eintlik die teendeel, as ek dit nie mis het nie. Egte gebed sluit altyd oop, nie af of toe nie. Dit ontsluit die deure na die skatkamers van die Allerhoogste. Gebed is om in verwondering voor die drie-enige God neer te val. Dit is om te juig oor sy grootheid. Gebed is om te sing oor die Here. Om te bid is nie om 'n paar gepaste woorde in Sy rigting uit te spreek aan die begin of einde van enige vergadering of erediens nie. Gebed is om God se terrein te betree met groot ontsag. Dit is om stil en vol eerbied te wag op die Here, totdat Hy ons genadig is. Ook ons publieke gebede moet hieraan voldoen. Dit is nie maar net stigtelik handelinge op die "regte plek" tydens byeenkomste nie. Selfs wanneer ons aan die begin of einde van enige byeenkoms bid, is dit nie regtig nie net die regte ding om te doen nie. Ook dan is gebed opregte gesprek met ons Vader in die hemel. Ook dan buig ons in heilige eerbied voor Hom in die Naam van Christus.

Geskryf deur Stephan Joubert

Kom ons werk aan die volgende …

- ***om ons gedagtes gevange te neem***
- ***om nie meer negatief te praat nie en***
- ***om nie meer te kla en te murmereer nie***

Kom ons fokus op …

- ***om dinge te soek waarvoor ons dankbaar kan wees!!***

Psalm 103:1-22 'n Psalm van Dawid: Loof die HERE, o my siel, en alles wat binni-in my is, SY HEILIGE NAAM! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van SY weldade nie!!

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir die gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste, voorsang-groepie en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike – daar is baie egskeidings
- Bid asb saam vir Eskom & sy werkers
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & in ons land SA
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het dieselfde siekte as Joost
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir André Ackerman vir genesing na sy beroerte
- Bid asb vir Beatri Wagner – sy is ernstig siek
- Bid asb vir Alta Faurie vir genesing - sy is baie siek
- Bid asb vir Maria Steyn – bid vir volle genesing sy is ernstig siek
- Bid asb vir Suzette Fourie en dogter-haar dogter het kanker
- Bid asb vir Marlien Roetz- sy ervaar groot vrees
- Bid asb vir Elwena Hendrikz – sy het 'n groot rugoperasie gehad
- Bid asb vir Anet Beckman – sy is baie siek en kry chemoterapie
- Bid asb vir Martie de Beer – sy het maagontsteking
- Bid asb vir Maud Kleynhans – sy het longvlies kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – het dringend gebed nodig
- Bid asb vir Elsa Booyens – het gebed dringend nodig
- Bid asb vir tannie Hettie Wiegand – sy is baie ernstig siek
- Bid as vir Tom Steyn – hy het 'n operasie gekry

Dank Gebede

-Dankie HERE vir U groot genade & my gesondheid
-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
-Dankie HERE dat U, U ENIGSTE SEUN gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe , redeneer & omgee, & dankie HERE dat U altyd daar is vir my
-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie my GOD dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U ***wondergroot genade***. Amen!

VREUGDE/BLYDSKAP!!!!

"Dit gaan ***ALTYD*** sleg met 'n *bedrukte mens*; die ***BLYMOEDIGE*** mens se *hele lewe* is 'n *fees*"

Spreuke 15:15

Gedagte vir die week

Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
13-17 Mei 2018	Pinksterdienste	NG Kerk
20 Mei 2018	Pinkster afsluiting	NG Kerk
27 Mei 2018	Paassangdiens	NG Kerk

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.